
Chaos tot Groei
PSALM 65



Psalms
1
2
3-41
42-72
73-89
90-106
107-145
146-150
1
2
3
4
5

## Psalm 42:2-3


2 Soos 'n wildsbok smag na
waterstrome,
so smag ek na U, o God.
3 Ek dors na God, na die lewende God.
Wanneer kan ek gaan en voor God
verskyn?



**Boek 2**

## *Psalm 43:3-4*

3 Stuur u lig en u waarheid dat dié my lei
en my bring na u heilige berg,
na u woning!
4 Laat my ingaan na die altaar van God,
die God oor wie ek wil jubel en juig,
dat ek U kan loof met die lier,
o God, my God!



***Boek 2***

## *Psalm 72:17*

17 Mag die koning se naam altyd
onthou word,
mag sy roem duur so lank as die son
daar is,
sodat al die nasies hulle in sy
regering verlustig en hom prys!



**Boek 2**

1 Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid. 'n Lied.
2 Aan U, o God, kom 'n lofsang toe in Sion:
geloftes moet betaal word
3 aan U wat die gebed verhoor.
Na U toe sal alle mense kom
4 om hulle skuld te bely.
Ons sondes het ons ingehaal, maar U maak ons daarvan vry.

Psalm 65

5Dit gaan goed met die mens vir wie U uitkies
en laat naderkom om in u tempel te bly.
Laat ons die goeie dinge in u huis in oorvloed
geniet,
die goeie dinge in u heilige woning.
6In u trou antwoord U ons met kragtige dade,
o God, ons Verlosser,
op wie ook die mense in afgeleë lande
en op verre seë vertrou.

Psalm 65

# God wat

- Uitnooi en uitkies

7 U is met mag omgewe,
U laat deur u krag die berge vas bly staan;
8 U laat die gedruis van die see,
die geraas van die golwe,
die rumoer van die nasies bedaar,
9 sodat ook die mense in afgeleë lande
ontsag kry vir die tekens van u mag;
in die ooste en in die weste
laat U die mense juig.

*Psalm 65*

# God wat

- Uitnooi en uitkies
- Die chaos oorwin

10 U sorg vir die land en gee oorvloed,
U maak dit baie vrugbaar.
Die groot riviere is vol water,
U laat die koring welig staan.
Alles is u werk!
11 U maak die ploegvore vol water en die kluite nat,
U laat hulle sag word van die reëns,
U laat alles welig groei.

*Psalm 65*

# God wat

- Uitnooi en uitkies
- Die chaos oorwin
- Sorg en laat groei

12 U kroon die jaar met u goeie gawes.
Waar U ook gaan, is daar oorvloed!
13 Daar is volop weiding in die woestyn;
die bulte juig,
14 die velde wemel van die kleinvee,
die vlaktes staan vol koring;
hulle juig en hulle sing.

Psalm 65

# God wat

- Uitnooi en uitkies
- Die chaos oorwin
- Sorg en laat groei
- Met oorvloed seën


SAN FRANCISCO




ideafruit


Chaos tot Groei
PSALM 65